April 2016

Dierbare vriende,

Hierdie Februarie maand het God my uitgenooi om saam met julle Jesus Christus se verstommende hoop vir vroue te deel deur Projek Hanna. As die nuwe globale bedieningsdirekteur, is ek opgewonde om die sorg van Projek Hanna op te neem en die bediening die toekoms in te lei. Met dank aan Marli Spieker, en aan die honderde werkers en vrywilligers wêreldwyd, besing ek die soliede fondasie waarop ons kan bou.

Ek wil ons reis begin deur dankie te sê vir al jul gebede oor die baie jare met Projek Hanna, en dat julle die gebedskalenders gebruik as jul gids. Julle is deel van 'n gebedsmag in 125 lande. Saam sit ons gebede in aksie deur die 69 tale van radio-bedienings en deur strategiese uitreik projekte in plaaslike gemeenskappe, en ons kommunikeer pligsgetrou die behoeftes van vroue wêreldwyd. God doen 'n groot werk, en ek is gretig om te sien wat Hy vir ons beplan in die toekoms.

Hierdie maand hef ons ons susters in die Karibiese eilande op. Kom ons bid dat hul harte aangeraak en hul lewens heelgemaak sal word in Jesus. Mag hulle Sy skoonheid ervaar in hul harte, net soos hul Sy skoonheid sien en geniet in Sy skepping rondom hulle.

Jul ywerige gebede hou ons verbind aan die Wingerdstok wat ons onderhou elke tree van ons pad. Sonder jul gebede sou ons nie die werk wat Hy vir ons gegee het kon doen nie. Terwyl ons aanhou bid, laat ons harte juig omdat Hy ons gebede verhoor. Hy verkies die gebrokenes. Hy vergewe wanneer ons bely. Hy voorsien hoop en genesing vir ewig deur Sy Seun, Jesus (Psalm 32:21; Psalm 34:17; 1 Johannes 1:9; Johannes 3:16 en 15:5).

Ek is vir ewig dankbaar vir julle en jul verbondenheid om te bid vir vroue oral oor die wêreld. Ek weet dat God ons vroue sien en Hy hoor hul uitroepe. Mag ons aanhou om in te tree vir ons susters terwyl ons hoop bring na vroue wêreldwyd in die persoon van Jesus.

In Hom juig ons harte,

Peggy Banks

Wêreld-Bedienings Direkteur

Projek Hanna